

Donderdag 9 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-8 (AFR83)

Fokusgedeelte: Openbaring 1:5b-6

**As gesalfdes van die Gesalfde, is ons ook priesters in die Koninkryk van ons
Here**

Die voorreg om 'n Christen genoem te word, plaas ook 'n groot verantwoordelikheid op ons. Ons Here Jesus is deur die Heilige Gees tot die drievoudige (een) amp as hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning gesalf. Omdat ons deel het aan sy salwing, beklee ons ook 'n drievoudige amp van profeet, priester en koning, wat in die (een) amp, die amp van die gelowige, saamgevat word.

In Openbaring 1:5 en 6 word aan ons bevestig dat ons, deur die genade van ons Here Jesus se eenmalige offer aan die kruis, skoongewas is van al ons sondeskuld. En omdat ons van al ons sondes verlos is, het ons deel aan die priesterlike amp in God se Koninkryk. As priesters, wat onself aan ons Hoëpriester onderwerp, het ons ook 'n priesterlike opdrag om ons lewens tot diens aan God af te sonder en ons as offers aan ons Here toe te wy. Nie soenoffers nie, want ons Hoëpriester het reeds die eenmalige Soenoffer gebring om ons met God te versoen. Nie brand- of slagoffers nie, want die Lam van God is reeds vir ons sondes geslag en het ons skuld ten volle betaal.

Die Kategismus lê klem op die *tipe offer* wat ons as priesters moet bring – offers van dank. Lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (Rom. 12:1). Offers van dank is nie net lippediens wat net van tyd-tot-tyd in ons gebede na vore kom nie. Opregte dankoffers, wat ons liefde vir ons Here moet weerspieël, moet in alles, in ons hele lewe sigbaar wees.

Sing: Psalm 134-1:1, 2

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)